

4 Januarie

Vernedering as 'n voorreg belewe

Skrifgedeelte: Handeling 5:17-42
Fokusgedeelte: Handeling 5:41, 42

Vir die eerste maal in die kerk van die Nuwe Testament se geskiedenis het die woord van Jesus waar geword: As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg (Joh 15:22).

Die dissipels het die evangelie in die openbaar in Jerusalem verkondig, met die mense gepraat en in die Naam van Jesus wonders gedoen. Hulle is gevang en in die tronk gestop. Hulle is die gebruikelike slae van 39 houes toegedien. Hulle is om 'n taktiese rede laat gaan, maar belet om die evangelie van Christus te verkondig.

Alles beskou hulle as 'n voorreg. Wat 'n wonderlike gesindheid! Tronk en slae is mos vernedering. Eer en toekennings is mos vir mense wat presteer. Maar die apostels beskou hulle tronkstraf, slae en die spreekverbod as 'n eer. Hulle belewe die vernedering as 'n voorreg. 'n Voorreg om soos hulle Here en Meester te ly. Dit openbaar aan die wêreld hulle verbondenheid met, hulle liefde vir en hulle trou aan Christus. Hulle skaam hulle nie om aan die Naam van die Veroordeelde, Gekruisigde gekoppel te word nie. Nee, dit is hulle eer! 'n Voorreg!

Dit is makliker, geriefliker, veiliger om liewer stil te bly ter wille van die liewe vrede as om te praat en verneder te word. 'n Saamprater te wees. Maar by hulle is vreugdevolle volharding in die geloof as gevolg van lyding en vernedering in die diens van Christus. Die liefde en eerbied vir Christus dring hulle.

Hierdie gesindheid kan net die Heilige Gees in die hart werk. Dit kom nie van mense, geaardheid of opvoeding nie.

Is u al die eer aangedoen om verneder te word ter wille van die Naam van Christus? Dank God en volhard vreugdevol. Moenie vrees nie.

Psalm 145:1, 3, 12(Totius)

Ds. Awie Coetsee (Emeritus)